Verskyn sedert 1 April 1873 as "De Maandbode" en sedert 1 Oktober 1894 as "Het Kerkblad"

die Kerkblad

Oktober 2017

'n Publikasie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Sola Scriptura
Sola Gratia
Sola Fide
Solus Christus
Soli Deo Gloria

Reformasie 500

www.gksa.org.za

Webwerf: http://www.gksa.org.za/

Redaksie, Bemarking en Administrasie
Posbus 20008, Noordbrug 2522
Tel. (018) 297-3986/7/8/9
Faks: (018) 293-1042
E-pos:kerkblad@gksa.co.za
(artikels, briewe ens.)
tydskrifte@gksa.co.za
(Intekening, rekeningnavrae)
bestellings@gksa.co.za
(boekbestellings ens.)

Redaksie
Prof. CFC Coetzee (redakteur)
- 082 337 7951
- Callie.Coetzee@nwu.ac.za

Mev. J Fourie (kopieredakteur)
- Tel. 018 297 3986
- kerkblad@gksa.co.za

Ds. C Aucamp
Prof. SP van der Walt
Dr. J Lion-Cachet
Mev. V de Kock
Dr. MN Hermann

Uitleg en tegniese versorging
Joey Fourie

Advertensies en kleinadvertensies
Tariewe op aanvraag beskikbaar by dr. Wymie du Plessis: tel. (018) 297-3989.
E-pos: wymiedup@gksa.co.za

Intekengeld
Sien al die opsies vir intekening op die intekenvorm (omslag binne agter)

Intekengeld word jaarliks aangepas.
Intekening moet skriftelik of telefonies deur die intekenaar gekanselleer word.
Maak tjeks uit aan:
Die Administratiewe Buro

Eienaars en uitgewers
Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.

Drukkers
V & R Drukkery, tel. (012) 333 2462

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting en/of verwerking van bydraes voor.



JAARGANG 119, NO. 3317 - Oktober 2017
Luther, Calvyn en die kerk van Wittenberg

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

In hierdie uitgawe

2 VAN DIE REDAKTEUR
31 Oktober 1517 – dag van wêreldomvattende betekenis

4 UIT DIE WOORD
Jesus Christus is gister en vandag dieselfde

7 REDAKSIONEEL
Die mensbeskouing van 'n Gereformeerde

9 BRANDPUNT
Die mens se radikaalste keuse!

FOKUS
12 Sola Scriptura – die Skrif alleen
14 Sola Gratia – genade alleen is die enigste grondslag van ons redding
16 Sola Fide – aktueel destyds en ook vandag!
18 Solus Christus – ligstrale van God se "ja" vir die lewe
20 Soli Deo Gloria – alleen aan God al die eer vir ons heil!
22 Martin Luther: "My gewete (is) gevange deur die Woord van God"

ANDER
24 Vertaling veroorsaak vernuwing
26 Stukkies genade in ons kerklike gesprekke
30 Refo 500 Feesalmanak

28 IN DANKBARE HERINNERING
Ds. AH (Andries) Mulder

32 Personalia / Wel en Wee
33 Lief en Leed / Op die Kerkwerf
34 Kleinadvertensies

31 Oktober 1517

• dag van wêreldomvattende betekenis •

Alhoewel ons nie kan sê dat enige dag in die geskiedenis van die wêreld sonder betekenis is nie, is dit ook so dat sommige dae van groter betekenis is as ander.

Die belangrikste dae

Dan is die opmerklike dat die datums van die heel belangrikste dae vir ons onbekend is:

- die datum van die skepping van alles;
- die datum van die sondeval;
- die datum toe Jesus Christus in die vlees gebore is;
- die datum van sy kruisiging;
- die datum van sy opstanding;
- die datum van sy hemelvaart;
- die datum van die uitstorting van die Heilige Gees.

Dit is die datums wat die ontstaan en verloop van die geskiedenis tot in ewigheid finaal en onherroeplik bepaal. Die datums waarop God Self geskep het en weer sy gevalle skepping Self gered het.

31 Oktober 1517

Op 'n ander vlak, maar ook van wêreldomvattende betekenis, is 'n datum wat nou reeds vir 500 jaar aan ons bekend is: 31 OKTOBER. Ons kan sê dit is die datum waarop God, deur 'n menslike instrument, sy kerk van verdere dwaling en afvalligheid gered het.

31 Oktober staan bekend as die amptelike begin van die Reformasie, toe die Wittenbergse priesterteoloog Martin Luther met sy 95 stellings teen die kerkdeur 'n uitnodiging tot debat gerig het, oor die aflaatstelsel van die Roomse Kerk. Dit was die stelsel waardeur jy met geld kon betaal vir jou eie sondes en ook selfs siele uit die vagevuur kon verlos. Die geld wat so verkry is, is gebruik om onder andere die St. Petrus-kerk in Rome te bou.

Luther se stellings het egter ook 'n veroordeling bevat van die ander Roomse dwalings deur die beklemtoning van onder andere die volgende Skrifwaarhede: die eer van God; die gesag van God se Woord; die totale verdorwenheid van die mens; Christus as die enigste en volkome Middelaar, ensovoorts.

Wat Martin Luther op 31 Oktober 1517 begin het, het verder nie net die kerklike toneel radikaal verander nie. Dit het 'n wêreldomvattende en onberekenbare effek gehad op soveel terreine tot vandag toe. Een skrywer (Smith) stel dit so (vry vertaal): D*it kan nie ontken word nie dat die mense wat die geskiedenis die meeste verander het, die groot godsdienstige leiers was. Een van hulle was Martin Luther. Dit is veilig om te sê dat elke mens vandag 'n ander lewe lei as wat hy/sy sou gelei het, en 'n ander persoon is as wat hy/sy sou wees, as Martin Luther nie geleef het nie. Want die heel belangrikste feit van die moderne geskiedenis is ongetwyfeld die skeiding ("schism") waarvan hy die outeur was. Die konsekwensies daarvan is steeds besig om te ontvou en sal ontvou vir eeue wat nog kom.*

Aan die een kant was dit 'n doodgewone dag in Wittenberg. Aan die ander kant was daar ook

beplanning agter Luther se optrede. Op 1 November sou die "Fees van al die heiliges" gevier word (*Feast of All Saints*) en sou die oorskot van keurvorste (*Elector's relics*) wat in die kasteelkerk gehou is, "vertoon" word (*displayed*) en die spesiale genade wat daaraan verbonde was, in die openbaar aangekondig word.

Die fees het 'n menigte mense na Wittenberg laat stroom, sommige uit nuuskierigheid en ander uit begeerte om deel te kry aan die "geestelike voordele" wat sogenaamd verkrygbaar was. Luther se stellings was ook bedoel as 'n kennisgewing aan al hierdie mense van sy voorneme om 'n debat te hou oor die waarde van die aflaatbriewe.

Die reaksie was oorweldigend. Luther was self verstom. Sy 97 stellings van enkele weke tevore het immers geen reaksie ontlok nie. Maar die stellings van 31 Oktober is met groot toejuiging en applous begroet deur almal wat soos Luther oor die aflaatstelsel gevoel het. Voordat Luther sy oë uitgevee het, is die stellings in Nurenberg sowel in Latyn as in Duits gedruk en versprei.

Die heftige, aggressiewe en gewelddadige reaksie vanuit Rome, wat uitgeloop het op die banvloek oor Luther en sy "voëlvry-verklaring" (enigeen kon hom doodmaak) en vervolging van hervormingsgesindes, is 'n ander hoofstuk in die verhaal.

Die Hervorming het begin. Luther het in sy ballingskap voortgegaan om die Bybel in Duits te vertaal. Skielik kon almal die evangelie in hulle eie taal lees en die gruwelikheid van die Roomse dwalings raaksien. Gereformeerde gemeentes het oral ontstaan, belydenisse is gebore. Die beginsels van die Hervorming, oftewel gesonde leer van die Bybel, is ingedra in klaskamers van skole en universiteite, in besigheid en politiek en wetenskap, onstuitbaar en onoorwinlik, soos die evangelie self.

Steeds reformeer

Wat beteken 31 Oktober vandag vir ons? Daaroor kan reekse artikels geskryf word. In elke uitgawe van *Die Kerkblad* is in hierdie jaar aandag aan die wonderlike skat van die Hervorming gegee. Wêreldwyd het talle wetenskaplike en populêrwetenskaplike publikasies die lig gesien en is konferensies en feeste gehou. Uiteindelik is daar vir ons net een antwoord: ***Steeds reformeer.*** Daar het, saam met die tydsgees van relativisme, in soveel opsigte en op soveel terreine, kerklik en maatskaplik ontsettende deformasie ingetree. Ons het net een roeping en dit is om te reformeer, om alles te toets aan die Woord van God, in ons kerke, wat die liturgie betref en die kategese en die prediking en die ampte, en noem maar op. In die samelewing met sy morele verval, in die ekonomie, in die wetenskap wat al hoe meer gesekulariseerd raak, ensovoorts. Elkeen van ons, waar God ons plaas en gebruik: ***Steeds reformeer.***

En laat ons die dag van klein dingetjies nie verag nie. God is aan die werk, om sy kerk te bewaar en sy Koninkryk te bring. CFCC

EUREKA
Apteek • Kliniek
JAN HARM STEENKAMP
B.Pharm. PSGT
Tel 058 303 5431 (alle ure) Faks 058 303 7208 Posbus 348 BETHLEHEM
Ons ondersteun graag Die Kerkblad

Prof. HG (Henk) Stoker (Teologiese Skool Potchefstroom)

Die mens se radikaalste keuse!

Die radikaalste keuse waarvoor 'n mens te staan kan kom, is die keuse vir of teen die lewende God, Skepper en Onderhouer van alle dinge, die Herskepper in en deur ons Here Jesus Christus.

Daarom kan alle lewens- en wêreldbeskouings ingedeel word in Christelik en nie-Christelik.[1] Sowel binne die breë Christelike as die nie-Christelike lewens- en wêreldbeskouings kan weer verskeie verdere verdelings gemaak word. Dié Christelike lewens- en wêreldbeskouing wat radikaal (d.w.s. tot in die wortel) Christelik wil wees, deurdat op elke lewensterrein die Woord van God gesagvol geld, staan as die reformatoriese lewens- en wêreldbeskouing bekend.

Postmodern versus reformatories[2]

Het die reformatoriese lewens- en wêreldbeskouing sy betekenis vir die postmoderne mens verloor, die mens wat glo dat elkeen 'n reg het om dinge te sien en te doen soos hy/sy dit goed vind? Wil dit nie weer mense vasdruk terwyl die mens sy individuele vryheid so geniet nie? Is die tyd dat hierdie beskouing iets van betekenis vir ons as mense kon sê, nie verby nie?

As ons ons vertrekpunt neem in die mens en die tydsgees, sou ons waarskynlik moes saamstem dat die reformatoriese kyk op sake in ons land vandag minder relevant geword het. Maar as ons wyer as die tydsgees kan kyk, in die woorde van Prediker nie net die dinge "van onder die son" (dit is sonder God) wil beskou nie, dan kom ons by 'n heeltemal ander antwoord uit. Dan besef ons dat die betekenis van die reformatoriese lewens- en wêreldbeskouing in die wonderlike waarheid van Gods Woord lê dat ons lewe nie "'n gejaag na wind" is nie, maar 'n dieper en ryker betekenis het as wat die oog kan sien en die verstand kan bedink.

Die reformatoriese lewens- en wêreldbeskouing wil niks minder en niks meer wees as 'n totale Christelike beskouing nie. Nie 'n Christendom wat net beperk is tot kerk en godsdiens, so asof die res van ons lewensterreine nie onder die leiding en heerskappy van God moet bestaan nie. 'n Christendom waar in die besef geleef word dat ons hele lewe met al sy fasette uit en deur en tot God geleef moet word. Hy is immers die Skepper en Onderhouer van alles. As ons lewe nie geskoei is op dit wat Hy vir ons bedoel het nie, mis ons logies die doel van ons lewens, sondig ons – want om te sondig, is om jou doel te mis.

1 Wêreldbeskouings kan verder oorsigtelik ingedeel word in Teïsme (waarvan die Christendom die grootste getal uitmaak, maar waar Islam en Judaïsme ook geplaas kan word – God het wêreld geskep en onderhou dit steeds); Pan(en)teïsme (- alles is god, of die goddelike is in alles); ateïsme (God bestaan nie, die materiële wêreld is al wat daar is).

2 In plaas van reformatories is die woord Calvinisme in die oorspronklike 1998-artikel gebruik. Calvinisme is destyds nie gebruik om daardeur aan te dui dat ons hier met 'n beskouing te doen het wat Calvyn se leringe verabsoluteer nie. Dit dui die lewens- en wêreldbeskouing aan wat soos Calvyn beklemtoon dat alles tot eer van God moet geskied, dat alleen die Heilige Skrif die gesagvolle Woord van God is, en dat die gelowige mens alleen uit die genade van God, op grond van die soenverdienste van Jesus Christus en deur die werking van die Heilige Gees, gered word. Die woord "Calvinisties" is egter in hierdie artikel met "reformatories" vervang, omdat "reformatories" vandag eerder gebruik word en nie vir die misverstand van verabsolutering van Calvyn self vatbaar is nie.

Voorreg om verantwoordelik te wees

Is dit reg dat ons dit op iemand afdwing? Mense besluit tog mos elkeen hoe hy/sy wil leef: of jy genot wil najaag; en of jy jou besig wil hou met dinge wat vir jou na diepere dinge van die lewe voel. Party mense wil mos net die lewe geniet. Ander mense wil weer werk vir een of ander saak waaroor hulle sterk voel. Moet ons nie elkeen maar los om dinge te doen en nie te doen nie, soos hy/sy dit voel?

Hierdie siening sou dalk nog kon geld as die enigste doel van die wêreld was om aan die mens die geleentheid te gee om daarmee te doen soos wat hy lus het of goed dink. Reformatories sien ons egter nie die mens as toevallig hier op aarde, om hier te lewe soos hy goed vind en uiteindelik sinloos te sterwe nie.

Die wêreld waarin ons leef, is God se wêreld. Soos die res van die skepping, het Hy ons ook gemaak en aan ons 'n spesifieke doel op aarde gegee. Die mens is kroon van sy skepping, deur God só geskape dat Hy van ons verantwoordelike optrede en rekenskap kan eis.

Diegene met 'n reformatoriese lewens- en wêreldbeskouing wil napraat wat God in sy Woord ons leer oor die sin en doel van ons bestaan. As ons nie daarby uitkom nie, is ons lewens sinloos, doelloos, sondig. In praktyk beteken dit dat daar vir ons elkeen volgens ons gawes en geleenthede wat God ons gee, 'n taak en roeping in hierdie wêreld is – dus geen wêreldontvlugting nie. Maar ook dat die taak insluit dat ons die kwaad in onsself en in dit om ons bestry – dus geen wêreldgelykvormigheid nie.

Wanneer God die mens as besondere skepping na sy beeld skep, dra Hy die sorg van die skepping aan ons as mense op. Soos God getrou sorg vir sy skepping, moet die mens in sy sorg en ontwikkeling van die skepping getrou wees. Dit hou in dat ons in die uitbouing van dit wat God vir ons in die skepping en in onsself as moontlikhede gegee het, niks mag verwaarloos, ondermyn of benadeel nie. Dit hou ook in dat ons ons kan verwonder oor God se skepping, ons daarin kan verlustig en dit geniet.

Motief, doel, middel en gevolg

Dit klink alles so idealisties. Is dit wat alle mense aandryf, nie ten diepste hulle liefde vir hulleself nie? Is die doel waarom mense dinge aanpak, nie uiteindelik maar net die voordeel (finansieel, emosioneel of andersyds) wat hulle daaruit kan trek nie?

Ons *motiewe* is dit wat ons handelinge aan die gang sit. Dit wat ons in beweging bring om aan 'n saak aandag te gee, en dit wat ons in die saak voortdryf, kan natuurlik uit selfsug en selfliefde gebore wees.

Die reformatoriese lewens- en wêreldbeskouing weet en erken dit juis, maar daarby saam ook die wonder van die verlossing in ons Here Jesus Christus. Die verlossing word nie uit 'n bloot selfsugtige hoek gesien, dat dit net vir die mens die ewige lewe in plaas van die ewige oordeel gebring het nie. In die eerste plek is die wonder van die verlossing in Jesus Christus dat dit ons verhouding met God herstel het en ons daardeur nuwe mense geword het.

In plaas daarvan dat die liefde vir onsself en ons eiebelang ons dryf, het God vir ons deur die onselfsugtige liefde van Christus dit moontlik gemaak om diep uit ons hart uit die groot gebod na te kom: "Om God bo alles lief te hê, en ons naaste soos onsself." Daarom word gelowiges nie meer net aangedryf deur naakte eiebelange nie, maar deur die liefde vir God, sy skepping en ons medemens. Dit maak dat 'n mens nie uitgelewer is aan selfgerigte drifte en beweegredes nie, maar dat 'n gelowige deur die genade van die Here daaroor kan en moet en wil heers.

Gegrond in ons dryfvere en beweegredes stel ons as mense sekere dinge wat ons wil bereik, ons *doelstellings*. Binne die reformatoriese lewens- en wêreldbeskouing weet ons dat hierdie doelstellings geweeg moet word aan die wil van God vir ons lewens. Dit beteken nie net dat ons nie God se wet mag oortree nie (soos mense al hoe meer doen onder die voorwendsel byvoorbeeld dat enigiets wat in

[selfsugtige] liefde gedoen word, reg en goed sal wees). Dit hou ook in dat God van verskillende mense verskillende dinge sal verwag, omdat Hy elkeen op grond van sy/haar gawes, talente en geleenthede roep tot 'n eie, unieke doel in die lewe. Ten diepste vertrek die reformatoriese lewens- en wêreldbeskouing op grond van God se Woord daaruit dat alles uit God, deur God en tot God is en behoort te wees.

By alle doelverwesenliking is daar ook 'n *middel* of middele ter sprake waarmee die mens sy doel wil bereik. Selfs met 'n pragtige doel voor oë weet die gelowige dat die doel nie die middel heilig nie. Middel en doel hang onverbreeklik saam, en moet albei goed wees om 'n goeie handeling daar te stel.

Die uitdrukking "eind goed, alles goed" kan nie as sodanig geld binne die reformatoriese lewens- en wêreldbeskouing nie, want nie net die *gevolg* van 'n optrede of handeling nie, maar ook die motief, doel en middel moet reg en tot eer van God wees.

Wat wel waar is, is dat al is laasgenoemde alles reg, maar die gevolge van die handelinge sleg, maak die goeie bedoelings en metodes ook nie die handeling reg nie. Al is daar die beste bedoelings in die wêreld by 'n saak betrokke, moet die moontlike gevolge sover enigsins moontlik in berekening gebring word.

Die vraag bly of die gevolge van die saak tot eer van God sal wees en of dit voldoen aan dit waarom ons Here ons hier op aarde geplaas het.

Alle vryheid het beperkinge

Beperk dit nie die vryheid van die mens nie? Ontneem dit nie sy wil en moontlikheid om regtig voluit te lewe nie?

Vir die reformatoriese lewens- en wêreldbeskouing is dit 'n vertekening van vryheid wanneer vryheid en losbandigheid as dieselfde saak beskryf word. Vryheid staan nie teenoor beperkinge nie, maar teenoor slawerny. 'n Trein is slegs vry om te beweeg en te doen waarvoor dit gemaak is wanneer dit binne sy beperkinge bly – op die spoorlyn bly. 'n Mens is slegs vry solank ons leef binne die grense wat God daargestel het, solank ons volgens sy wil leef. As 'n mens buite sy grense gaan, word hy slaaf van sy eie begeertes, drifte, sienswyses, werk, plesier, geld, ideale, drank, verhoudings, emosies – noem maar op.

Orals in die wêreld vind ons, hoe verdraaid die beweegredes daarvoor ook mag wees, 'n stryd wat aan die een kant probeer herstel wat aan die ander kant verkeerd gedoen is. Dit sluit elke aspek van die menslike lewe in – van die regswese tot die politiek, van die sielkunde tot die tegniek, van die opvoedkunde tot die natuurkunde, van die geneeskunde tot die teologie.

Elke poging tot herstel wat verkeerd is in ons skepping, is met al die goeie wat dit meebring, tog beperk. Dit is slegs in en deur ons Here Jesus Christus dat die finale vryheid moontlik is, wanneer Hy die verlossing wat Hy begin het, gaan kom voltooi, wanneer Hy alles nuut sal maak. Dan sal ons nie meer slaaf wees nie, maar vry. Die wonder is dat ons nou al geroep word om hierdie vryheid in ons lewe te vergestalt.

Om uit 'n reformatoriese lewens- en wêreldbeskouing te leef, is om volgens die Woord van God te lewe. Dit is om Christen in die volle sin van die woord te wees. Dit is om dankbaar ons roeping op aarde uit te voer in vrye, liefdevolle diens aan die God van hemel en aarde wat in Jesus Christus ons hemelse Vader geword het. DK

LICORNA BEACH
UMHLANGA ROCKS, NOORDKUS
Luukse seefront - vakansiewoonstelle, slegs 20km noord van Durban.
Volledig toegerus. Lugreëling, Satelliet TV, Diens, Wassery en swembad.
SENIOR BURGERS - geen trappe van woonstel na strand.
Besprekings - Tel: (031) 561-2344; Faks: (031) 561-2974
LAGOONRYLAAN 82, POSBUS 544
UMHLANGA ROCKS 4320
E-pos: licorna@intekom.co.za
http://licorna.co.za

Prof. Johannes Smit (Teologiese Skool Potchefstroom)

Martin Luther

"My gewete (is) gevange deur die Woord van God"

Op 10 Desember 1520 het Martin Luther die pouslike bul, dit is die brief waarin die pous hom meegedeel het dat hy uit die kerk geban is, saam met die Rooms-Katolieke Kerk se wetboek (die *Corpus iuris canonici*) verbrand. Daarmee het Luther die gesag van die pous en die gevestigde kerk openlik verwerp. Toe Luther die pouslike bul in die vuur gooi, het hy (teenoor die pous) gesê: "Omdat jy die Heilige van die Here bedroef het, verbrand die ewige vuur jou." Dit was duidelik dat die pous se pogings om Luther tot 'n inkeer te bring, misluk het.

Die vraag was of Luther op 'n ander manier oortuig sou kon word om van sy ingeslaande weg af te sien. Sou die Rooms-Katolieke Kerk moontlik 'n kerkskeuring kon verhoed?

Luther by die Ryksdag van Worms

Keiser *Karel*, 'n getroue ondersteuner van die Rooms-Katolieke Kerk, is ingespan om Luther tot nuwe insigte oor te haal. 'n Ingewikkelde reeks gebeure, waarby die keiser en die keurvors, *Frederik die Wyse*, betrokke was, het daarop gevolg. Die uiteinde was dat Luther die geleentheid gekry het om by die Ryksdag van Worms (1521) te verskyn met die doel om die saak te besleg. Luther het die geleentheid aangegryp om sy saak te stel.

Op 17 April 1521 het Luther voor die afgevaardigdes by Worms verskyn. Sy teleurstelling was waarskynlik groot. Toe hy 'n spreekbeurt kry, was daar slegs twee vrae gestel waarop hy moes antwoord. Die eerste vraag was: "Is dit u boeke?" Die tweede vraag was: "Wil u die inhoud daarvan herroep, of wil u by u standpunt bly?" Luther het uitstel gevra om eers die volgende dag op die vrae te antwoord.

Toe Luther die volgende dag voor die Ryksdag verskyn, het hy volgens 'n legende homself met die woorde geregverdig: "Hier staan ek, ek kan nie anders nie." Binne die konteks van sy verweer is dié woorde waarskynlik gepas. Dit gee ook uitdrukking aan Luther se vurige en bombastiese geaardheid. Luther het nóg vriend nóg vyand ontsien! Hy het egter nooit die woorde gesê nie. Sy optrede was in dié sin meer besadig as wat die legende suggereer, maar (juis daarom) meer beleë en oortuigend in sy standpuntstelling.

Nadat Luther die saak kort beredeneer het, het hy sy antwoord op die vrae gegee:

> "... indien ek nie deur getuienis vanuit die Skrif of deur duidelike rasio-

> nele argumente oortuig word nie, want ek glo nie die pous nie en ook nie die konsilies nie, omdat hulle dikwels gedwaal en hulleself weerspreek het, bly ek oortuig deur die teks wat ek uit die Heilige Skrif aangehaal het en my gewete gevange deur die Woord van God. Ek wil en kan niks herroep nie, want dit is gevaarlik en sonder heil om teen die gewete op te tree. So help my God."

My gewete is gevange deur die Woord van God

"My gewete (is) gevange deur die Woord van God." Dit is 'n aangrypende stelling! Daarmee het Luther die Rooms-Katolieke Kerk se hiërargie verwerp en die kerk se beroep op die tradisie as 'n gesagsbron naas die Skrif uitgerangeer. Luther het 'n fundamentele skuif in die Middeleeuse denke gebring. Die Woord is in die sentrum! In sy geheel gesien, beteken Luther se standpunt dat die *Woord* die gesag van die pous en die konsilies vervang; *geloof* in die plek van enige meriete wat 'n mens vir sy verlossing sou kon aanbied, staan; *genade* die plek van menslike verdienste inneem; dat *Christus* as die enigste en volkome offer vir die verlossing erken word, en niks of niemand anders by die verlossing betrek word nie – slegs aan God kom die *eer* toe.

Luther se standpunt was beslissend. Ná Worms 1521 was 'n versoening tussen Luther en sy teenstanders waarskynlik nie meer moontlik nie. Daar was ook nie verdere noemenswaardige pogings daartoe nie. 'n Belangrike vraag is egter wat Luther daartoe gebring het om sy standpunt so onomwonde en sonder enige blyke van berou by die Ryksdag van Worms te stel?

Geloof, vryheid en die Woord

Luther se standpunt hou verband met sy siening van geloof, vryheid en die Woord van God. Vir Luther gaan dit nie oor politieke vryheid nie.

Luther stel die egte Bybelse vryheid aan die orde – die vryheid wat 'n sondaar voor God ervaar met die wete dat die oordeel van God oor die sonde op Christus neergekom het, dat hy in Christus vergewe is, en dat die gelowige regverdig voor God is deur die geloof – 'n gawe wat God aan ons gee. Dit alles word ons slegs deur die geloof toegereken.

Luther trek dan 'n besondere band tussen die geloof en die Woord. "Dit is maklik om te sien van watter bron geloof sulke groot krag ontleen en waarom 'n goeie werk of alle goeie werke saam nie daaraan gelyk is nie. Geen goeie werk kan op die Woord van God berus of in die siel leef nie, aangesien slegs geloof en die Woord van God in die siel (van die mens) regeer."

Dan sê Luther: "Een ding, en net een ding is vir die Christelike lewe, geregtigheid en vryheid nodig. Daardie een ding is die allerheilige Woord van God, die evangelie van Christus." Daarmee het Luther nie die werke van die mens geïgnoreer nie. Inteendeel, die goeie werke vind by hom nou sy regte plek. 'n Vry mens voor God mag dit nie nalaat om deur die liefde goeie werke aan sy naaste te betoon nie. Hier staan die liefde sentraal.

Vir Luther is die Woord die sleutel tot vryheid. Christelike vryheid, die ware vryheid waarvan Luther praat, word nie in die eerste plek aan 'n mens se omstandighede verbind nie. Dié vryheid berus op die hartsverandering wat deur die geloof in 'n mens se lewe sigbaar word.

Slot

'n Bekende kerkhistorikus het gesê dat Luther so kon skryf omdat hy homself deur die geloof as regverdig voor God gesien het; hy het hom geborge gevind in die liefde van God. Daarin lê 'n sleutel vir ons. Om jouself veilig in God se liefde te vind, beteken dat die Christelike liefde jou bind vir die wyse waarop jy jou vryheid uitleef. In ons tyd, maar ook in die toekoms, sal hierdie geborgenheid dieselfde betekenis vir die vryheid van die gelowiges hê as in die 16de eeu. Dit is 'n aanduiding van 'n gewete wat deur die Woord van God gevange is. DK

(Bronne: WA 7, 814-857; WA 7, 49-73; WA 7, 20-38; vgl. Köstlin, J., Luthers Theologie I, Darmstadt 1968. Van't Spijker, W., Luther Belofte en Ervaring, Kampen 2012.)